

Amos 7

1 Dit het die Here HERE my laat sien – kyk, Hy het sprinkane geformeer toe die na-gras begin uitspruit het; en kyk, dit was die na-gras nadat die snysels van die koning af was. 2 En toe hulle al die gewasse van die land afgeëet het, sê ek: Here HERE, vergeef tog! Hoe sal Jakob staande bly? want hy is klein.

3 Toe het die HERE berou gekry oor hierdie saak. Dit sal nie gebeur nie, het die HERE gesê.

4 Dit het die Here HERE my laat sien – kyk, die Here HERE roep om 'n regstryd te voer deur vuur, en dit het die groot watervloed verteer en sou die akkerland verteer het. 5 Toe sê ek: Here HERE, hou tog op! Hoe sal Jakob staande bly? want hy is klein.

6 Die HERE het berou gekry oor hierdie saak. Dit sal ook nie gebeur nie, het die Here HERE gesê.

7 Dit het Hy my laat sien – kyk, die Here het op 'n loodregte muur gestaan, en daar was 'n skietlood in sy hand. 8 Toe sê die HERE vir my: Wat sien jy, Amos? En ek het geantwoord: 'n Skietlood. Daarop sê die Here: Kyk, Ek gaan 'n skietlood aanlê in die midde van my volk Israel. Ek sal hom verder nie meer verbygaan nie. 9 En die hoogtes van Isak sal verwoes word, en die heiligdomme van Israel sal puinhope wees, en teen die huis van Jeróbeam sal Ek met die swaard optree.

10 Toe het Amásia, die priester van Bet-el, Jeróbeam, koning van Israel, laat weet: Amos het 'n sameswering gesmee teen u midde-in die huis van Israel; die land sal dit onder al sy woorde nie kan uithou nie. 11 Want so het Amos gesê: Jeróbeam sal deur die swaard sterwe, en Israel sal sekerlik uit sy land in ballingskap gaan.

12 Toe sê Amásia vir Amos: Gaan weg, siener, vlug na die land Juda en eet daar brood en profeteer daar! 13 Maar in Bet-el mag jy verder nie meer profeteer nie, want dit is 'n koninklike heiligdom en 'n tempel van die ryk.

14 Toe het Amos geantwoord en aan Amásia gesê: Ek was geen profeet en ook geen profete-seun nie; maar ek was 'n veewagter en kweker van wildevyebome. 15 Maar die HERE het my agter die kleinvee weggeneem, en die HERE het aan my gesê: Gaan heen, profeteer teen my volk Israel.

16 Hoor dan nou die woord van die HERE! Jy sê: Jy mag nie teen Israel profeteer nie, en jy mag geen woorde laat druppel teen die huis van Isak nie. 17 Daarom, so sê die HERE: Jou vrou sal in die stad hoereer, en jou seuns sowel as jou dogters sal deur die

swaard val, en jou grond met die meetsnoer verdeel word, en jy self sal in 'n onrein land sterwe, en Israel sekerlik in ballingskap uit sy land gaan.

'n Samestelling van Amos 7

7:1-9:15	<i>Visioene</i>
7:1-9	Drie visioene van die komende oordeel
7:1-3	Die swerms sprinkane
7:4-6	Die verterende vuur
7:7-9	Die loodlyn
7:10-17	Tussen-in gebeure; 'n historiese mededeling
7:10-13	Die uitdaging
7:14-17	Die reaksie

Die visioene wat die Here vir Amos laat sien het, het steeds met die oordeel oor Israel te doen. In Amos 7 is drie visioene aangeteken (Amos 7:1-9). Daarop volg daar 'n stukkie historiese gebeure (Amos 7:10-17).

Amos 7:1-9 – Drie visioene van die komende oordeel

Amos 7:1-3 – Die swerms sprinkane

1 Dit het die Here HERE my laat sien – kyk, Hy het sprinkane geformeer toe die na-gras begin uitspruit het; en kyk, dit was die na-gras nadat die snysels van die koning af was. 2 En toe hulle al die gewasse van die land afgeëet het, sê ek: Here HERE, vergeef tog! Hoe sal Jakob staande bly? want hy is klein.

3 Toe het die HERE berou gekry oor hierdie saak. Dit sal nie gebeur nie, het die HERE gesê.

In hierdie eerste visioen wat die Here vir Amos laat sien het, sien Amos hoe die Here **sprinkane formeer toe die na-gras begin uitspruit**. Die sprinkaan swerms wat gevorm het, was nie sommer net 'n natuurverskynsel nie (vgl. Joël 1). Amos sien duidelik dit is die Here die God van die verbond wat hierdie swerms sprinkane kommandeer. En dit gebeur in 'n baie kritieke stadium van die jaar – **toe die na-gras begin uitspruit het**. Dit wil sê, dit gebeur aan die einde van die winter of gedurende die lente. Israel is 'n winterreën streek. Dit is dus die laaste stukkie groei tyd voordat die warm, droë somermaande aanbreek.

Wat hierdie visioen nog meer dreigend maak, is dat dit die **na-gras was nadat die snysels van die koning af was**. Dit blyk dat die koning die reg gehad het op die eerste gras na die laat reën om vir sy diere te voer (1 Kon 18:5). Dit wat dan oorgebly het was vir die boere vir eie gebruik. Dit pas nogal in by dit wat Amos vroeër in die boek blootgelê het. Die ryk en vooraanstaande mense het in die stede gewoon en heffings van die landelike bewoners ontvang (Amos 5:11). Die boere was dus afhanklik van daardie na-gras wat begin uitspruit het nadat die koning se deel ontvang het.

Wanneer daar dan 'n swerm of swerms sprinkane deur die land sou trek net sodra die na-gras begin uitspruit, spel dit net ellende vir die land en sy bevolking. Amos sien dat die swerm sprinkane gevorm word. Hulle het nog nie aan die gewasse begin vreet nie.

Vir Israel het so 'n sprinkaan plaag groot ellende ingehou, want daar was geen manier om die sprinkane te keer nie. Hulpeloos kan 'n mens maar net toekyk hoe alles verslind word. Sprinkaanplae is deel van die Here se tugtiging van sy volk wanneer hulle nie erns maak met hulle verbondsverhouding met die Here nie (Deut 28:38, 42; Joël 1; Amos 4:9).

In die visioen sien Amos dat die sprinkane **al die gewasse van die land afgeëet het**. Hierdie ramp het Israel nog nie getref nie. Die Here het dit nog net vir Amos in 'n gesig gewys. Amos wat self boer is weet watter groot ellende en benoudheid so 'n sprinkaanplaag nie net vir die boer nie maar vir die hele land inhou. En omdat Amos bewus was waarom die Here die sprinkaan swerms gevorm het, smee hy dadelik om vergifnis by die Here – **Here HERE, vergeef tog!**

Die verweer wat Amos aanvoer, is dat **Jakob te klein** is om so 'n groot slag te kan dra en nog **staande te bly**. Israel word hier Jakob genoem as 'n herinnering aan die Here dat Jakob kleiner en jonger as Esau was. Jakob het die Here se genade en bystand nodig om staande te kan bly. Maar as die Here met so 'n groot ramp die volk gaan tref, sal dit verby wees met die volk. Daar sal niks van hulle oorbly nie.

Amos se beeld van Israel as klein en weerloos staan in kontras met dit wat Israel se

leiers self van die volk gedink het. Hulle was van mening dat Israel sterk en selfstandig is (vgl. Amos 6:1-3, 8, 13; 9:10). Onder Jerobeam seun van Joas het Israel 'n grondgebied gehad wat herinner het aan die welvarende en voorspoedige dae van Salomo. Maar in vergelyking met die omliggende nasies was Israel maar baie klein en weerloos.

Die Here het Amos se gebed verhoor. **Toe het die HERE berou gekry oor hierdie saak.** Berou in hierdie sin beteken nie dat die Here spyt gekry het omdat Hy 'n verkeerde besluit sou geneem het nie. Die Here het sy volk jammer gekry en Hy het afgesien van dit wat Hy Amos laat sien het wat Hy as oordeel oor sy volk sou kon bring.

Die Here het afgesien van hierdie ramp, want Hy het self gesê: **Dit sal nie gebeur nie.** Die Here sal sy volk genadig wees en hierdie ramp nie oor hulle bring nie (vgl. Eks 32:14; Joël 2:13).

Amos 7:4-6 – Die verterende vuur

4 Dit het die Here HERE my laat sien – kyk, die Here HERE roep om 'n regstryd te voer deur vuur, en dit het die groot watervloed verteer en sou die akkerland verteer het. 5 Toe sê ek: Here HERE, hou tog op! Hoe sal Jakob staande bly? want hy is klein.

6 Die HERE het berou gekry oor hierdie saak. Dit sal ook nie gebeur nie, het die Here HERE gesê.

In die tweede visioen wat Amos gesien het, het hy gesien **die Here HERE roep om 'n regstryd te voer deur vuur.** Die woord *regstryd* laat dit duidelik word dat die Here die onreg gaan straf. En vuur is die teken van die Here se oordeel oor die onreg (vgl. Amos 1:4, 7, 10, 12, 14; 2:2). Hierdie vuur kan verstaan word as 'n groot hittegolf wat tot erge droogte lei. Die gloed van die son gee die indruk van lekkende vlamme.

Hierdie hittegolf **het die groot watervloed verteer en sou die akkerland verteer het.** Die **groot watervloed** verwys na die onderaardse watervoorraad wat die bronne voed (vgl. Gen 1:2; 7:11; 8:2; 49:25). Die hittegolf is dus so uitermate groot dat selfs die onderaardse watervoorraad ingee en gevolglik verdor die akkerland. Droogte soos

met die sprinkane is die manier waarop die Here gesê het dat Hy sy volk sal tug indien hulle nie getrou bly in die verbondsverhouding met Hom nie (Deut 28:22).

Nog dringerder as met die vorige visioen roep Amos tot die Here: **Here HERE, hou tog op! Hoe sal Jakob staande bly? want hy is klein.** Al volhard die leiers van Israel met hulle grootheidswaan, pleit Amos by die Here steeds dat die volk te klein is. Israel sal ook nie so 'n groot slag soos hierdie uitmergelende droogte staande kan bly nie.

Dan betoon die Here weer sy genade en Hy verhoor Amos se gebed: **Die HERE het berou gekry oor hierdie saak. Dit sal ook nie gebeur nie, het die Here HERE gesê.**

Amos 7:7-9 – Die loodlyn

7 Dit het Hy my laat sien – kyk, die Here het op 'n loodregte muur gestaan, en daar was 'n skietlood in sy hand. 8 Toe sê die HERE vir my: Wat sien jy, Amos? En ek het geantwoord: 'n Skietlood. Daarop sê die Here: Kyk, Ek gaan 'n skietlood aanlê in die midde van my volk Israel. Ek sal hom verder nie meer verbygaan nie. 9 En die hoogtes van Isak sal verwoes word, en die heiligdomme van Israel sal puinhope wees, en teen die huis van Jeróbeam sal Ek met die swaard optree.

In die derde visioen wat die Here vir Amos laat sien het, sien Amos **die Here het op 'n loodregte muur gestaan, en daar was 'n skietlood in sy hand.** 'n Skietlood word deur 'n bouer gebruik om te bepaal of 'n muur honderd persent regop staan. Die muur waarop die Here gestaan met die skietlood in sy hand word beskryf as 'n loodregte muur. Die muur is dus volgens die standaard gebou.

Die skietlood – die meetinstrument – wat die Here gebruik om te bepaal of die bouwerk wel daaraan voldoen, is in hierdie gesig die verbondsbepalings van die Here soos neergeskryf in die eerste vyf boeke van die Bybel (vgl. Eks 19:6). Die bouwerk in hierdie gesig is die werke en woorde van die mense – die dinge wat hulle deur hulle optrede totstand gebring het.

In die eerste deel van hierdie gesig (vers 7) sien Amos en hoor die lesers dat daar wel bouwerke is wat aan die volmaakte standaard van die Here kan voldoen. Daar is

loodregte mure wat voldoen aan die oordeel van die Here. Daar is mense wat volhard in hulle verbondsverhouding met die Here omdat hulle deur die genade van die Here hulle laat leer.

Anders as by die twee vorige visioene sien en hoor Amos nie net wat die Here gaan doen nie. Die Here vra in hierdie visioen vir Amos wat hy sien. En as Amos antwoord dat hy 'n skietlood sien, sê die Here eers wat Hy gaan doen: **Kyk, Ek gaan 'n skietlood aanlê in die midde van my volk Israel. Ek sal hom verder nie meer verbygaan nie.**

Die Here gaan sy verbondsbepalings as die meetinstrument in die midde van sy volk Israel aanlê. Amos en die hele volk sal self kan sien wat die Here sien – die bouwerk van Israel is nie op die standaard wat die Here verlang nie. Daar gaan nie meer uitstel wees met die beoordeling nie. En hierdie keer bid Amos nie soos by die twee vorige visioene nie. Maar dit beteken nie dat die Here sy genade nou ook heeltemal van sy volk onttrek het nie. Juis die feit dat die Here vir Amos bekendmaak wat Hy gaan doen voordat Hy dit doen, is genade (vgl. Amos 3:7).

Die uitslag van die beoordeling is eintlik reeds bekend. Die woorde en werke van die godsdienstige en maatskaplike leiers is reeds bekend. Op die terrein van die godsdiens is die werke van die volk skeef sowel as op die terrein van die maatskappy. Daarom laat die Here in hierdie visioen die gevolg van die beoordeling hoor: **En die hoogtes van Isak sal verwoes word, en die heiligdomme van Israel sal puinhope wees, en teen die huis van Jeróbeam sal Ek met die swaard optree.**

Dit is die eerste en enigste keer wat die naam *Isak* gebruik word om na die volk te verwys. Isak is in hierdie sin sinoniem aan Jakob en Israel. Dit is egter ook moontlik dat die naam Isak gebruik word omdat die volk graag ook na Berseba afgetrek het om te aanbid aangesien Isak vir 'n baie lang tyd daar gewoon het (vgl. Amos 5:5). Die hoogtes – dit is die altare en aanbiddingsplekke – sal verwoes word en die heiligdomme van Israel sal puinhope wees. Op al die plekke waar die volk oënskynlik die Here gedien het maar ook hulle afgode gedien het, sal puinhope gemaak word.

Teen die huis van Jerobeam sal die Here met die swaard optree. Jerobeam kan hier

verwys na Jerobeam die seun van Joas of na Jerobeam die seun van Nebat wat met al hierdie afwykings in die diens aan die Here begin het (1 Kon 12:25-13:34). Telkens wanneer die Here die konings van Israel beoordeel en hulle het van Hom afgewyk, het Hy gesê dat hulle nie van die sondes van Jerobeam (seun van Nebat) afgesien het nie (vgl. 1 Kon 15:26, 34; 16:13, 19, 26, 31; 22:53). Jerobeam seun van Joas se opvolger en seun Sagaria is deur Sallum voor die oë van die volk aangeval en doodgemaak (2 Kon 15:8-12).

Die swaard waarmee die Here teen sy volk en die volk se koning gaan optree, is die Assiriërs wat die Here as instrument gebruik om sy volk te oordeel.

Amos 7:10-17 – Tussen-in gebeure; 'n historiese mededeling

Amos 7:10-13 – Die uitdaging

10 Toe het Amásia, die priester van Bet-el, Jeróbeam, koning van Israel, laat weet: Amos het 'n sameswering gesmee teen u midde-in die huis van Israel; die land sal dit onder al sy woorde nie kan uithou nie. **11** Want so het Amos gesê: Jeróbeam sal deur die swaard sterwe, en Israel sal sekerlik uit sy land in ballingskap gaan.

12 Toe sê Amásia vir Amos: Gaan weg, siener, vlug na die land Juda en eet daar brood en profeteer daar! **13** Maar in Bet-el mag jy verder nie meer profeteer nie, want dit is 'n koninklike heiligdom en 'n tempel van die ryk.

Dit blyk dat hierdie historiese mededeling direk gevolg het op die drie visioene wat Amos gesien en uitgespreek het. Die gebruik van die naam *Isak* (Amos 7:9, 16) asook die verwysing na die dood van Jerobeam deur die swaard (Amos 7:9, 11).

Amásia, die priester van Bet-el, het Jeróbeam, koning van Israel, laat weet wat Amos in sy profesieë maar veral in die laaste drie visioene aangaande die koning en Israel self gesê het. Amasia was een van die afvallige priesters wat in Bet-el diens gedoen het (1 Kon 12:26-33). Amasia was van oordeel dat Amos net onrus stook met sy onpatriotiese praatjies. Hy noem dan Amos se woorde 'n **sameswering** teen die koning **midde-in die huis van Israel**. Dit wil sê, hy verstaan dat Amos 'n sameswering teen die koning beplan en dit nogal in die openbaar.

Amasia se beoordeling van Amos se woorde – **die land sal dit onder al sy woorde nie kan uithou nie**. Die woorde wat Amos spreek is te swaar vir die land om dit te bly verdra. In 'n sekere sin herinner hierdie woorde van Amasia aan die woorde van Amos wat hy tydens die eerste twee visioene gebied het – **Hoe sal Jakob staande bly? want hy is klein**. Die verskil is egter dat Amos van oordeel was dat Jakob nie die oordeel van die Here sal kan verdra nie, maar Amasia is van oordeel dat die woorde van Amos – woorde wat ook tot bekering roep – te swaar is vir die volk om te verdra.

Amasia sou geweet het dat woorde van sameswering gevolg word deur opstand teen die koning. Die geskiedenis van Israel het meer as genoeg getuienis daarvan (vgl. 1 Sam 16:1-13; 1 Kon 11:29-39; 16:1-13; 19:15-17; 2 Kon 8:7-15; 9:1-28; 10:9).

As bewys van hierdie sogenaamde sameswering van Amos teen die koning haal hy die woorde van Amos aan: **Jeróbeam sal deur die swaard sterwe, en Israel sal sekerlik uit sy land in ballingskap gaan**. Daar is nie getuienis dat Amos hierdie woorde presies so uitgespreek het nie. Tog is hierdie berig van Amasia 'n redelike weergawe van die woorde wat die Here in die derde visioen aan Amos gesê het en wat Amos dan ook presies so aan die volk verkondig het.

Met die wyse waarop Amasia die berig aan Jerobeam bring, maak hy asof Amos 'n persoonlike aanslag teen die koning gemaak het. Deur die berig so oor te dra wil Amasia die koning emosioneel tot aksie oproep sodat hy vir Amos uit die land kan verban. Amasia is al so afvallig dat hy Amos se woorde bloot as mense woorde sien en nie meer die Here daaragter wil raaksien en erken nie.

Amasia wend nou sy aanval tot Amos self. Op 'n verkleinerende manier noem hy Amos **siener**. Die benaming *siener* is vroeër gebruik om na 'n profeet te verwys (vgl. 1 Sam 9:9; 2 Sam 24:11; Jes 29:10). Amasia stuur vir Amos terug na sy geboorte land **Juda**. En in sy oë is Amos maar net 'n kwaksalwer wat ter wille van 'n lewensbestaan profeteer – **eet daar brood en profeteer daar**. Amos moet eerder vir hom 'n eerbare werk kry om te doen as om op hierdie wyse 'n bestaan te maak (vgl. Gen 3:19; 2 Kon 4:8; Eseg 13:17-20; Miga 3:5, 11).

Amos is 'n verleentheid vir die land en die volk en die koning. Daarom moet hy nie **meer in Bet-el profeteer nie**. Bet-el was nie net 'n aanbiddingsplek nie, maar is ook 'n **koninklike heiligdom en 'n tempel van die ryk**. Amos se woorde is dus volgens Amasia 'n aanslag op die politiese en godsdienstige terreine van die volk Israel.

Amos 7:14-17 – Die reaksie

14 Toe het Amos geantwoord en aan Amásia gesê: Ek was geen profeteet en ook geen profete-seun nie; maar ek was 'n veewagter en kweker van wildevebome.

15 Maar die HERE het my agter die kleinvee weggeneem, en die HERE het aan my gesê: Gaan heen, profeteet teen my volk Israel.

16 Hoor dan nou die woord van die HERE! Jy sê: Jy mag nie teen Israel profeteet nie, en jy mag geen woorde laat druppel teen die huis van Isak nie. **17** Daarom, so sê die HERE: Jou vrou sal in die stad hoereer, en jou seuns sowel as jou dogters sal deur die swaard val, en jou grond met die meetsnoer verdeel word, en jy self sal in 'n onrein land sterwe, en Israel sekerlik in ballingskap uit sy land gaan.

In antwoord op Amasia se beskuldiging dat Amos 'n sameswering smee teen die koning van Israel en dat hy net profeteet om geld daaruit te verdien, sê Amos dat hy nie 'n **profeteet** is soos wat Amasia te kenne wil gee nie. Blykbaar was daar al in daardie tyd mense wat hulleself as “profesionele” profete uitgegee het. Eintlik mense wat 'n klomp twak vertel het onder die dekmantel dat hulle profete is en op hierdie wyse 'n bestaan gemaak het. Amos laat Amasia duidelik verstaan dat hy nie so 'n soort profeteet is nie.

Hy is ook nie 'n **profete-seun** nie. 'n Profete-seun kan verwys na die seun van 'n profeteet wat in sy vader se voetspore gevolg het, maar dit is nie iets wat normaalweg in Israel gebeur het nie. Miskien was dit algemeen onder die valse profete, maar beslis nie onder die ware profete nie. Dit was wel algemeen dat die seun sy vader se beroep volg wanneer dit by enige ander beroep kom. Die woord *profete-seun* verwys eerder na 'n skool waar profete opgelei is (vgl. 1 Sam 10; 1 Kon 20:35; 2 Kon 2:1-15; 4:1, 38; 5:22; 6:1-7; 9:1). Amos is ook nie so 'n soort profeteet nie.

Inderwaarheid is Amos 'n **veewagter en kweker van wildevebome**. Amos is in murg

en been 'n boer. Hy is nie maar net iemand wat vee opgepas het nie. Hy het met vee geteel en hy het wildevyebome gekweek. Daarmee sê Amos duidelik dat hy 'n goeie beroep het. Hy het nie nodig om rond te gaan en te profeteer om sodoende 'n bestaan te maak nie. Sy kennis van die Here en die Woord van die Here is dus net so goed soos enige gelowige s'n. Hy het nie besondere onderrig in die Woord van die Here gehad nie.

Hoe dit dan gekom het dat hy wat maar 'n gewone boer is dan tog as profeet opgetree het, is geheel en al die Here se eie werk. **Die HERE het my agter die kleinvee weggeneem, en die HERE het aan my gesê: Gaan heen, profeteer teen my volk Israel.** Amos beklemtoon dat die Here hom geroep en gestuur het deurdat hy die Naam van die Here twee maal noem. Die opdrag, die woorde en die plek waar hy as profeet moet gaan optree, kom geheel en al van die Here af. Hy wat Amos is, het niks hiermee te doen nie.

Op hierdie beskuldiging van Amasia gaan Amos verder om nie maar net self te antwoord nie maar om ook die Here se antwoord teen Amasia te gee. Amos laat Amasia duidelik verstaan dat wat nou volg nie sy eie woorde is nie maar juis die Here se woorde wat hom gestuur het om te profeteer. **Hoor dan nou die woord van die HERE!**

Die Here het aan Amos die opdrag gegee om te profeteer (Amos 3:8). Nou sê Amasia wat maar 'n mens is en 'n afvallige priester: **Jy mag nie teen Israel profeteer nie, en jy mag geen woorde laat druppel teen die huis van Isak nie.** Amasia wil nie net Amos se mond snoer nie. Hy wil uiteindelik die Here se mond mond snoer. Daar mag niks teen Israel geprofeteer word nie. Daar mag geen teregwysing of kritiek teen Israel uitgespreek word nie.

Die woorde *geen woorde laat druppel* is 'n ander uitdrukking vir profeteer en word ook in Esegïël 21:2 en 7 en Miga 2:6 en 11 gebruik. Die woord *druppel* hou verband met die reën wat uit die hemel druppel (Rig 5:4; Amos 9:13). In effek sê Amasia vir Amos hy moet ophou om boodskappe van die hemel af teen die huis van Isak te laat druppel.

Teenoor Amasia se wens en bevel laat die Here sy oordeel oor Amasia en sy huis

uitspreek. **Jou vrou sal in die stad hoereer, en jou seuns sowel as jou dogters sal deur die swaard val, en jou grond met die meetsnoer verdeel word, en jy self sal in 'n onrein land sterwe, en Israel sekerlik in ballingskap uit sy land gaan.**

Deur die oordeel wat die Here oor Israel gaan bring, gaan Amasia se vrou van alle bestaansmoontlikhede afgesny word. Amasia se seuns en dogters sal deur die swaard val. Daar sal geen seun wees op wie Amasia se vrou sal kan staat maak om versorg te word nie. Amasia se grond sal met die meetsnoer verdeel word en in die hande van die oorwinnaars – die Assiriërs – val. Dus sal daar nie meer grond wees waaruit Amasia se vrou deur middel van 'n lossen 'n bestaan sal kan maak nie. En Amasia self sal in 'n onrein land – die land van die oorwinnaars – sterf. Amasia wat eintlik die versorger van sy vrou was, sal ook nie meer daar wees op wie sy sal kan staatmaak nie. Gevolglik sal daar vir haar net een uitweg oorbly om 'n bestaan te maak en dit is om te hoereer.

Met hierdie oordeel oor Amasia se huis en veral oor sy vrou maak die Here dit duidelik dat 'n valse profeet – 'n profeet wat net vir geld profeteer – in die oë van die Here dieselfde is as 'n hoer.

Amos sluit af met die oordeel van die Here oor die hele Israel. Amasia het gesê dat Amos profeteer dat Israel in ballingskap sal gaan. Nou bevestig die Here dat dit presies is wat gaan gebeur. **Israel sal sekerlik in ballingskap uit sy land gaan.**